
## 14
# KONINKRYKSTYD

Jaargang 24 | 18 September 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER




NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



## Celicia McLean
# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal
Magdaleen du Toit | Christo Nel | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Stéphan van der Watt
Marnette van Rensburg | Leon M Foot | Martin
Schwella | Celicia McLean | *CLF* | *Kerkbode*
*Bybel-Media* | *ENGO* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS hou vakansie.* Die volgende uitgawe sal op **Vrydag 9 Oktober** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal:* ***Skuldig - wanneer kroniese moegheid 'n vonnis word***

## ARTIKELS 06

**06** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Wat laat 'n huwelik werk?*

**07** | BEDIENINGSBEGELEIDING | Spiritualiteit Netwerk
**Magdaleen du Toit** | *Mandala-gebedsoggende*

**08** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Christo Nel** | *Vrystaat Gemeentes - "In Pas" met die Lewende God!*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**10** | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *9/11: 'n Kwarteeu later*

**12** | VENNOTE IN GETUIENIS | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Balans tussen werk en rus*

**13** | VENNOTE IN GETUIENIS | Evangelisasie
**Mariëtte Odendaal** | *"Julle sal my getuies wees"*

**15** | ALGEMEEN | NG Gemeente Pearly Beach
**Marnette van Rensburg** | *'n Roepstem tot Gebed: 'n Roepstem tot Gebed*

**17** | ALGEMEEN | *Kerkbode (28 Aug, Deel 260 - Nr 163)*
***Kerkbode*** | *Fokus op Teologiese Opleiding*

## MEDIATEEK 19

**Resensent: Leon M Foot (17 September 2026)** |
***Waarom lewe ek? Hulde aan die Hoop.***

*(Viktor Frankl. Nuut bygewerkte teks deur Daniël J. Louw. Uitgewer: Naledi Uitgewers, Maart 2007)*

## BLÊR-REEKS 3 21

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *1. Die Skepping*

## VERJAARSDAE 24

## EKOLOGIE 25

**Mariëtte Odendaal** | *Bio-diversiteit en bewaring: 'n Roeping tot herstel en hoop*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 27

**27** | Erfenismaand-gids 2026
**27** | City Connect 50 Gebedsdae-gids
**28** | Advertensies

## OPLEIDING 30

## KERKBODE BROKKIES 31
## PUBLIKASIES 32

## WAT'S NUUS? 33
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 34

**Celicia McLean** | *Wat laat ons agter?*

## KONTAK ONS 35



KRONIESE KRONIEKE

# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van 'n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Jou reis met *kroniese siekte* is ons prioriteit**

# Skuldig

### Wanneer kroniese moegheid 'n vonnis word

Hierdie artikel bring Kroniese Kronieke se voortgaande navorsing oor kroniese siekte in gesprek met die persoonlike ervaring van aanhoudende moegheid en sosiale vooroordeel. Die fokus val op selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone, asook die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siekte uitdagings leef.

Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskaplike kennis en persoonlike verhaal saamgelees: die een bied begrensing en meetbaarheid; die ander gee menslikheid en erkenning.

***Dr Suzanne van der Merwe*** *(Navorsingshoof en woordvoerder van Kroniese Kronieke), in gesprek met* ***M.H. Swan*** *(Digter en navorsingsdeelgenoot).*

*"Baie siek. Min werk. Swakkeling."*

**Lees** meer »

# GRATIS

Skakel aanlyn in

tinyurl.com/ar6v35dw

Gerontologie
Betekenisvolle veroudering

# Beskerm jouself teen kubermisdaad en aanlyn bankbedrog



**Dr Cornelie Crous**

CA (SA)

**Senior Lektor aan die UV se Besigheidskool**

**'n Ervare akademikus, geoktrooieerde rekenmeester en opleier. Sy fokus op digitale geletterdheid en help ouer volwassenes om selfone en WhatsApp veilig en met selfvertroue te gebruik.**




| WOENSDAG | TYD | ENGO-SAAL |
| --- | --- | --- |
| 23 SEPTEMBER | 09:00-11:00 | VRYSTAAT |

NG Kerk Vrystaat

Geniet heerlike tee en verversings!

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"**

om te **RSVP** voor **16 September**

NG KERK BERG-EN-DAL
70 JAAR
DANKBAAR



# Berg-en-Dal Feeskonsert

*ORRELIS:*
**JOHAN CROMHOUT**

## Sondagaand, 20 September 2026
## 18:00

*Orrelwerke van Mendelssohn, Buxtehude, Dubois en die bekende Toccata van Boëllmann*

SAGTE KOLLEKTE VIR ONS ORRELFONDS

**Kom beleef een van die groot gawes in Berg-en-Dal:**

***Die Walcker Orrel uit Nederland (1958), in 2007 gerestoureer***

**en ons bekende, begaafde en geliefde orrelis, Johan Cromhout.**

# Wat laat 'n huwelik werk?

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Mariëtte Odendaal*


**Foto:** *Canva*

Trou is nie perde koop nie. Dit weet ons ou-getroudes maar alte goed. Die romantiese hofmakery en eerste opwindende fase van getroud-wees maak gou-gou plek vir realistiese konfrontasies oor onbenulligheidjies soos wie die kos moet maak en wie die skottelgoed moet was. Dis nou voordat die swaargewig-konflikte inskuif.

Maar waarom word sommige huwelike deur die jare sterker, terwyl ander begin verbrokkel?

Op 1 September het prof **Wentzel Coetzer**, professor aan die Noordwes-Universiteit se Fakulteit Teologie en Departement Praktiese Teologie, pastorale konsultant en skrywer, 'n Zoom-kursus aangebied oor "Sewe beginsels wat die Hhuwelik laat werk".

Sy vertrekpunt was die baanbrekerswerk van **dr John Gottman**, wie se navorsing oor huwelike waardevolle insigte bied oor wat verhoudings versterk – maar ook oor die gedragspatrone wat 'n huwelik kan laat ontspoor.

## Die sewe boustene van 'n sterk huwelik

Gottman beskryf die huwelik as 'n huis wat op die stewige fondasie van 'n diep liefdes- en vriendskapsverhouding gebou word. Die sewe begisels vorm as't ware die verskillende verdiepings van dié huwelikshuis.

### 1. Ken jou maat se wêreld

'n Liefdeskaart is die kennis wat jy oor jou maat se lewe het: wat hom of haar gelukkig maak, wat spanning veroorsaak, waarvan hy of sy droom en wat hy of sy vrees. Omdat mense voortdurend verander, moet ons mekaar se wêreld bly ontdek. 'n Eenvoudige vraag soos "Hoe gaan dit regtig met jou?" kan soms meer vir 'n verhouding beteken as 'n groot romantiese gebaar.

### 2. Vertroetel liefde en waardering

Fokus doelbewus op jou maat se goeie eienskappe en sterk punte, selfs wanneer julle met mekaar se tekortkominge worstel. Sê dit wanneer jy iets waardeer, byvoorbeeld "Dankie vir die koffie". Erken die moeite wat jou maat doen. Sê "Ek is lief vir jou". Sulke klein gebare bou 'n reservoir van goedgesindheid waarop 'n paartjie in moeilike tye kan staatmaak.

Lees meer »

BEDIENINGSBEGELEIDING
Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*

# Mandala-gebedsoggende

Twee mandala-gebedsoggende is onlangs op twee verskillende plekke in die Vrystaat gehou. Albei geleenthede is aangebied deur Magdaleen du Toit, opgeleide spirituele begeleier en tot onlangs sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk van Bedieningsbegeleiding, NG Kerk Vrystaat.

Op Philippolis het die gebedsoggend in die Karoo Artist's Café plaasgevind onder beskerming van die plaaslike NG Gemeente, waar 15 vroue op Saterdag 22 Augustus van 9:00 tot 12:00 in stilte elkeen aan haar eie skeppende proses gewerk het.

Op Saterdag 12 September het die tweede geleentheid buite Kroonstad, by Lechwe Lodge langs die Valsrivier plaasgevind onder beskerming van die Ring van Kroonstad. Dit is bygewoon deur 27 mense wat van oral uit die streek gekom het.

Hoe werk so 'n mandala-proses? 'n Mandala is 'n sirkelvorm wat 'n veilige, afgebakende ruimte bied waarin vrylik geskep kan word. Voordat die skeppende werk begin, word deelnemers begelei om elkeen op grond van 'n diep kyk na hul eie lewens 'n gebed te skryf. Hierdie gebed word dan op 'n kreatiewe manier in die mandala-kunswerk "ingebed". 'n Verskeidenheid kunsmateriaal is telkens beskikbaar gestel sodat elkeen na hartelus kon skep en speel: gekleurde penne en pastelle, karton, gomstokkies en skêre, sierpapier, inspirerende prente en patrone ... elkeen het die geleentheid gebruik om 'n eie kreatiewe prentjie te vorm, 'n sigbare gebed wat die gebed in die harte weerspieël het.

Tydens die terugvoering kon dié wat wou, gesels oor hul ervaring van die proses.

**Lees** meer »

***Foto's:*** *Philippolis- en Kroonstadoggend (verskaf)*



Didasko
'n Lerende gemeenskap

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Ds Christo Nel*

# Vrystaat Gemeentes

## ***In Pas*** met die Lewende God!







Woensdag 16 September gaan waarskynlik as 'n oomblik in die kerk onthou word, waar gemeentes opgewonde kon raak oor Kerkwees! Nie alleen opgewonde raak nie, maar prakties kon sien en leer hoe gemeentes God se roeping kan uitleef.

Drie en twintig gemeentes, om en by 55 lidmate en 20 dominees, het by Mooigenoeg Kampterrein bymekaar gekom. Ds Lourens Bosman het saam met prof Kobus Schoeman die praktiese van ***In Pas*** as 'n Missionale manier van kerkwees kom verduidelik. Gemeentes het gehoor en prakties geoefen hoe om byvoorbeeld "Wandel in die Woord" as gewoonte te gebruik om na die Drie-Enige God te luister. Hoe luister ons na mekaar en na die wêreld, is gewoontes wat nie moeilik is om te doen nie.

Vanuit hierdie gewoontes het gemeentes 'n hele aantal ander gewoontes aan blootstelling gekry wat hulle kan help om Roepingsgetrou te wees. Die *Ritmes* en *Gewoontes* is prakties bekyk. Dit help gemeentes om opgewonde te raak oor die Koninkryk! Met ander woorde om nie net na binne gerig te wees nie, maar om te besef ons is geroep na ons wêreld en gemeenskap rondom ons.




Missionale gemeentewees is lankal nie meer 'n wit-swart gedagte nie, maar dat ek eerder geroep word na alles en almal in my gemeenskap. Missionale gemeentes vra Godsvrae – waarmee is God besig in ons gemeenskap? Wat wil Hy in en deur ons doen? Ons het gepraat oor die Identiteit en Roeping van 'n Missionale gemeente. Uiteindelik het ons gesels oor hoe implementeer 'n gemeente hierdie gewoontes. Niemand het weggestap en gewonder wat moet volgende gebeur nie.

**Lees** meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE







# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### God is werklik 'n Hoorder van gebed

Die afgelope twee weke het opnuut gewys hoe gebed, toerusting en gehoorsaamheid nuwe lewe in gemeentes en gemeenskappe kon laat ontkiem. Van die Wes-Caprivi tot Tsumkwe, Grootfontein en Omatako was daar rede tot dankbaarheid – én nuwe gebedsversoeke.

Daar was die afgelope twee weke 'n diep bewuswording dat God werklik 'n Hoorder van gebed is. Dinge het op merkwaardige maniere begin gebeur en die pad het al duideliker in die rigting van die Wes-Caprivi gewys.

Vir geruime tyd is daar reeds vertel van die herlewing – of dalk eerder die nuwe lewe – aan die oostekant van die Wes-Caprivi nadat Oupa Tokkelosh besluit het om Jesus se pad te volg.

Terselfdertyd was daar groot kommer oor die vier habitatte aan die westekant van die Wes-Caprivi, waar die kerk feitlik tot stilstand gekom het.

Dit het herinner aan Esegiël se visioen van die vallei vol droë bene: 'n plek waar daar op die oog af min lewe oorgebly het. Op Dije het 'n klein kerkie gestaan, maar die gemeentelewe daar was reeds vir 'n geruime tyd baie stil. Tog het daar juis hier nuwe tekens van hoop begin verskyn.

### Hande en harte uit die VSA

Vriende van DEGNOS en Tennessee Valley Community Church in die VSA het die afgelope week Tsumkwe besoek. Hulle het saam met plaaslike gelowiges aan evangelisasie-uitreike deelgeneem en ook gehelp om 'n gemeenskapsgroentetuin by ds N!aici op Aasvoëlnes op die been te bring. Hulle betrokkenheid en bereidwilligheid om prakties hand by te sit, is met groot dankbaarheid ontvang.

### Saam in gebed

Die Luhebu-Noord-gemeente het ook op Omatako en Mangetti Duin saamgetrek vir 'n besondere biddag.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
Islam Getuienisaksie
*Dr Enrico Casaleggio*

# 9/11: 'n Kwarteeu later

Verlede Vrydag was dit die 25ste herdenking van die 11 September-terreuraanvalle op die *World Trade Centre* in New York. Moslem-Amerikaners het saam met die res van die land die trauma en vrees beleef, maar moes boonop die las dra van verdagmaking en wantroue. 'n Kwarteeu later sien baie Amerikaners steeds Islam deur die lens van 9/11.

Volgens nuwe data van die **Pew Research Center**[1] het Amerikaners se siening van Islam meer negatief geword as kort ná die aanvalle:

- In 2002 het **25%** gesê Islam moedig geweld meer aan as ander godsdienste.
- Vandag het die persentasie tot 51% toegeneem.
- Die syfer was die afgelope dekade konstant tussen 45% en 52%.

Daar is nie net 'n politieke polarisasie in die algemeen in die VSA oor Islam se vermeende betrokkenheid by geweld nie. Die sienings oor Islam het ook meer partypolitiek-spesifiek geword:

- 76% van Republikeine sê Islam moedig geweld aan.
- 29% van Demokrate deel hierdie mening.
- In 2002 was die gaping baie kleiner (32% vs. 23%). Dit is deels omdat president George W. Bush Islam destyds as 'n "godsdiens van vrede" beskryf het.

## Moslems in Amerika vandag

Moslems vorm 'n groeiende deel van die Amerikaanse bevolking.

Ongeveer 5.5 miljoen Moslems woon tans in die VSA, teenoor 2.4 miljoen in 2007. Hulle getalle het dus in minder as twintig jaar meer as verdubbel.

Daar is egter ook 'n groeiende wantroue by die Amerikaanse bevolking teenoor Moslems. 43% van Amerikaners is die mening toegedaan dat Moslems minder patrioties is as die res van die bevolking. Volgens die bogemelde studie van die Pew Research Centre ervaar 42% van die Amerikaanse bevolking dat Moslems 'n negatiewe invloed op die land het. Baie verwys steeds na 9/11 as rede vir hul wantroue.

Hierdie Pew studie het ook haatmisdade onder die loep geneem. Die FBI se syfers wys:

- Haatmisdade teen Moslems het in 2001 opgeskiet na 481, teenoor 28 in 2000.
- Sedertdien wissel dit tussen 95 en 307 (hoogste in 2016).
- Dit het nooit weer teruggekeer na die lae pre-9/11 vlakke nie.

Uiteraard sou dié studie ook die ervarings van Moslem-Amerikaners in berekening bring. Pew se studies (2007, 2011, 2017) toon 'n duidelike patroon: Baie Moslems ervaar diskriminasie. Hulle voel media-uitbeeldings van Islam is onregverdig. Op 'n positiewe noot ervaar hulle tog ook ondersteuning van vriende en bure.

Direk ná 9/11 het 52% van Moslems in die VSA diskriminasie ervaar. 68% van hulle het in daardie tyd die media as onregverdig beskou. 75% het egter gesê Amerikaners was oor die algemeen respekvol en verdraagsaam.

**Lees** meer »

*[1] https://www.pewresearch.org/religion/2026/09/03/25-years-after-9-11-a-portrait-of-muslim-americans/?utm_source=Pew+Research+Center&utm_campaign=4108ca67de-EMAIL_CAMPAIGN_2026_09_03_06_17&utm_medium=email&utm_term=0_3e953b9b70-4108ca67de-401348828*

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel oor hoe die gebeure van 9/11 die situasie van Moslems in cdie VSA geraak het.*

# PAIDION KINDERBEDIENING

Sedert 1996


PAIDION KINDERBEDIENING CHILDREN'S MINISTRY


## KINDERKERK- / KATEGESE- / SONDAGSKOOLMATERIAAL

**Bybelgetroue materiaal vir elke ontwikkelingsfase**

Peuters (2–3 jr), Kleuters (4–5 jr of 2 jr voor laerskool), Juniors (gr 1–3) & Seniors (gr 4–6)







- Nie boeke nie. Los e-blaaie
- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Geen versendingskoste
- Onmiddellik beskikbaar
- Vinnige bestelprosedure
- Teologies & opvoedkundig verantwoordbaar
- Die Juniors se Pretblaaie is klaar hersien en bygewerk
- Die Kleuters se Handboek en Aktiwiteitblaaie van Siklus 1 word tans hersien en vereenvoudig. Bestelbaar teen einde Oktober.

Skandeer QR-kode om aanlyn te bestel

## EENJARIGE KORRESPONDENSIEKURSUS

Vir persone wat kinders bedien en opvoed of sommer net vir kinders liefhet

**Geen eksamens nie – Net take en prakties**

- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Bybelgetrou
- Praktykgerig
- Professioneel
- Afslag vir vroeë en groepinskrywings

Skandeer QR-kode om aanlyn in te skryf

## WERKSWINKELS & KONSULTASIES

Werkswinkels oor die kind en kinderbediening aan gemeentes en skole en kinderbedieningkonsultasie aan gemeentes word deur dr. Leon van Zyl aangebied.



**Navrae, bestellings & inskrywings:**

082 574 0708 | paidion@paidionweb.co.za | www.paidionweb.co.za

mission ミッション missie JAPAN

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Balans tussen werk en rus*

Japan is — verál na die tweede wêreldoorlog — bekend vir sy toegewyde 'korporatiewe krygers': werknemers wat bereid is om buitengewone hoeveelhede tyd en energie aan hulle maatskappye toe te wy. Oor die afgelope paar dekades het die land egter geleidelik begin oorbeweeg na 'n gesonder verstaan van die balans tussen werk en persoonlike lewe, met toenemende aandag aan rus, gesinstyd en geestelike welstand. Verbasend genoeg lyk dit nou asof die pendulum weer begin terugswaai. Sommige jonger, ambisieuse werknemers bevraagteken nou weer die klem op werklewebalans en redeneer dat 'n mens bloot harder — én langer — moet werk om vooruit te kom (**lees meer**). Dit het immers ná die oorlog verstommend goeie uitkomste opgelewer!

Ten minste, ekonomies gesproke. Totdat die vooruitgang-borrel gebars het in die 1990's … Die Japannese regering het onlangs opnuut meer ruimte begin laat vir maatskappye om oortyd werkery toe te laat. Hierdie debat speel af teen 'n ontnugterende agtergrond: vergoedingseise wat verband hou met *karōshi* — sterftes en ernstige siekte as gevolg van oorwerk, of meer letterlik: om jouself dood te werk — het in 2025 'n rekordgetal van 6 212 bereik. In pas hiermee het die Eerste Minister, Sanae Takaichi, self onderneem om te "werk, werk, werk, werk en werk"! Sy het egter self intussen ook onder openbare kritiek deurgeloop oor haar buitengewoon intense werkskedule, wat bitter min ruimte laat vir slaap en rus (**lees meer**). ***Maar wat het dit alles met sendelinge se werk in Japan te doen?*** Dalk meer as wat 'n mens sou dink.

**Lees** meer »

***Foto:*** *verskaf*



# "Julle sal my getuies wees"

VENNOTE IN GETUIENIS
Evangelisasie
*Mariëtte Odendaal*

## Bainsvlei-gemeente ontdek hul "Judea" by Bloemfonteinse Boeremark

*"Ons sal graag meer gemeentes hierby wil betrek, want dit bied die ideale geleentheid aan 'n gemeente om evangelisasiewerk te doen in sy eie 'Judea'. Jy kan hier evangeliseer en kuier met die verbygangers; boonop is dit nog lekker ook!"*

***Jan Naborn***
***Boeremark-organiseerder*, *Bloemfontein***

Elke Saterdagoggend word 'n 3 × 3 meter-gazebo tussen die honderde stalletjies by die Langenhovenpark Boeremark opgeslaan. Daar word nie net Bybels en Christelike boeke verkoop nie. Hier word geluister, gesels, gelag, getreur en dikwels oor Jesus gepraat.

Bainsvlei-gemeente bestaan uit ongeveer 500 lidmate en is aan die westekant van Bloemfontein geleë. Ds Cobus Hamman is die leraar daar.

'Kom tot rus in God.' (Psalm 62) Dit was die Here se droom vir Bainsvlei-gemeente wat hulle oor 'n jarelange proses van geloofsonderskeiding by Hom gehoor het. Cobus verduidelik: "Vir die Here is dit nie 'n droom wat ons passief en na binne gekeer moet maak nie. Inteendeel. Die 'Kom' in 'Kom tot rus in God' moet juis 'n uitnodiging wees aan diegene wat buite ons geloofskring staan."

### 'n Saadjie word geplant

Een van Bainsvlei-gemeente se lidmate, Jan Naborn, het in 2012 vanaf Kimberley na Bloemfontein verhuis en is deel van dié geloofskring. Hy was ook deel van die groep wat gedurende 2016 'n EE3-kursus deurloop het. EE3 is 'n interkerklike program waarvolgens mense opgelei word om die evangelie op 'n eenvoudige manier met ander te deel. Tydens hierdie opleiding het die Bainsvlei-groep onder meer ouetehuise besoek en geestelike gesprekke met die inwoners gevoer.

**Lees** meer »




***Foto:*** *Verskaf*




Faculty of
Theology and Religion
UNIVERSITY OF THE FREE STATE

# Voorgraadse en nagraadse studies in teologie aan die UV

## Sluitingsdatums vir registrasie (in 2026 vir 2027)

| | |
|---|---|
| Voorgraadse Kwalifikasies | 30 September |
| Gestruktureerde Nagraadse Kwalifikasies | 31 October |
| Navorsingskwalifikasies (M & D) | Enige tyd van die jaar |

Vind meer inligting hier:
ufs.ac.za/theology

LEES OOK:
**Gedrukte Kerkbode**
28 Augustus 2026, Deel 260 - Nr. 163

A Place of Hope and Growth

UFS

ALGEMEEN

Leraar van NG Gemeente Pearly Beach, Sinode van Wes-Kaapland
*Ds Marnette van Rensburg*

# 'n Roepstem tot Gebed

## *Die toekoms van ons land is in Sy hande*

**Uit die stil kusdorp Pearly Beach het 'n dringende en hoopvolle behoefte ontstaan: 'n nasionale gebedsgeleentheid vir die toekoms van Suid-Afrika, gerig op die komende verkiesing op 4 November.**

Mense sê gereeld dat net God ons land kan red. Terwyl ons weet God is nie 'n towerstaffie wat ons bloot vir eie gewin kan swaai nie, weet ons ook dat Hyself ons aktief roep tot gebed. Die apostel Paulus leer ons immers in die Bybel: *"Maak alles deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*

### Die Belofte van Genesing

Wanneer ons as gelowiges saamstaan, staan ons op die kragtige belofte in **2 Kronieke 14:12-16**:

"Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir My gekies as 'n tempel vir offers. As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die koringkrieke opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pessiekte onder my volk loslaat, *en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees.* **My oë sal nou oop wees en my ore sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek.** So het Ek dan nou hierdie tempel gekies en geheilig, sodat my Naam vir altyd daar sal wees. My oë en my hart sal altyd daar wees."

### 'n Oproep aan Elke Christen

Hierdie is nie 'n uitnodiging vir slegs een kerk of groep nie. Ons wil graag hê dat **almal wat hulself Christene noem**, sal deelneem aan hierdie kragtige geleentheid.

- **Eenheid in Gees**: Dit hoef nie almal op dieselfde dag of plek te wees nie.
- **Wye Uitreik**: Die fokus is op deurlopende, opregte intersessies regoor die land.
- **Denominasionele samewerking**: Almal is welkom, ongeag jou kerkagtergrond.

**Lees** meer »



# Hallo!

**Kom ons maak 'n**
*verskil saam!*



UCSA VCSV
TRANSFORMING LIVES
VERANDER LEWENS

## Ek is
## *Nina-Mari Hamman,*

- ds Cobus Hamman (leraar van NG Gemeente Bainsvlei) se dogter.
- Ek studeer tans in **Potchefstroom.**
- Ek is die leidster van die VCSV se **Buffelsbaai Stranddiens** vir hierdie jaar.

**Ek is baie opgewonde om hierdie geleentheid aan te gryp!**

## OM STRANDDIENS MOONTLIK TE MAAK
# HET ONS BORGE NODIG.

## ONS PROGRAMME

| POPPEKAS | KOFFIEKROEG | SPORT | BYBELSTUDIE | SPELETJIES & AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|---|
| Kreatief, pretvol en boeiend vir alle ouderdomme. | 'n Vriendelike ruimte vir goeie gesprekke. | Bou vriendskappe en geniet sport saam. | Groei in geloof deur God se Woord. | Vir almal om te geniet. |

- Die VCSV stuur jaarliks spanne na vakansie-oorde regoor SA om die evangelie van Jesus Christus te bedien.
- Ons span van ±14 vrywilligers lewer uitreikdiens in Buffelsbaai vanaf **12 Desember 2026 tot 2 Januarie 2027.**
- Ons vra vir u ondersteuning met finansies, produkte of ander hulpbronne.
- Sien aangeheg ons bankbesonderhede en lys van produkte / dienste wat ons benodig.

*Baie dankie vir u aandag en bydrae!*

### VIR MEER INLIGTING

Kontak Dawn by dawn@vcsv.co.za of skakel Antoinetta Breytenbach by 082 773 7062.

### BANKBESONDERHEDE

**NG Kandelaar Potchefstroom**
**ABSA**
**Rek nr : 9277804135**
**Verw (Ref) : Buffelsbaai + Donasie**
**Bewys van betaling :**
Christian.botha2005@gmail.com of ninamari05hamman@gmail.com


*Vriendelike groete*

**Christian Botha & Nina-Mari Hamman**
Spanleiers van die Buffelsbaai Vakansiedienstespan
Desember 2026 tot Januarie 2027

Christian.botha2005@gmail.com
ninamari05hamman@gmail.com
063 812 6349 | 060 971 1750


**U ONDERSTEUNING – FINANSIEEL, MET PRODUKTE OF HULPBRONNE –** *maak 'n verskil!*
**Kom saam met ons om die evangelie te leef en uit te dra.**

# Kom kyk wat gebeur in Bloemfontein

Daar is sewe dinge wat jy moet weet oor teologiese opleiding in Bloemfontein, skryf **Jan Lubbe** namens die dagbestuur van die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat.

**Een:** Teologiese opleiding is vir die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) 'n kerklike saak. In die hart van 'n missionale kerk wat gemeentelike bediening en haar getuienisroeping vooropstel, leef 'n hegte band tussen identiteit en inhoud. Haar belydenis en bediening gee vorm aan haar opleiding; haar opleiding verdiep en vernuwe die bediening van haar belydenis.

**Twee:** Teologiese opleiding is vir ons 'n lewenslange vorming van geroepenes, wat in hulle jeugjare of later kan begin, en waarin kategese, akademiese grade en VBO's ons moet leer om te bly leer. Daarom dink die NGK VS aan haarself as 'n leergemeenskap ("it takes a whole village to raise a theologian"!) met ook medereisigers op dié weg – van die veilige sturende gemeente tot 'n Kovsie-studentegemeenskap wat die volle Suid-Afrikaanse demografie en kerklike verskeidenheid reflekteer. Dít laat groei ons studente in karakter, kulturele vaardighede en sosiale bewustheid.

**Drie:** Teologiese opleiding is vir ons soos 'n tweespoorveldpaadjie. Daar is samehang, integrasie en dinamika tussen hoogstaande teologies-akademiese opleiding enersyds en die kerklik-konfessionele vorming van studente andersyds. Dit beteken dat studente in Bloemfontein by twee studiesentrums inskryf: die Seminarium van die NGK VS (in 2016 gestig) en die Fakulteit Teologie en Religie (gestig in 1981) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

**Vier:** In ons Seminarium word studente geestelik gevorm en kerklik begelei deur vier aspekte waarop ons fokus. Die eerste is teologiese identiteit – studente deurloop programme in die Kategismus, NGB, Dordtse Leerreëls en Kerkorde, die Belydenis van Belhar én die geskiedenis en kerkreg van die NG Kerk. Tweede fokus: Spiritualiteit – die student se Bybelkennis en -begrip, gebed en geestelike dissiplines wat tydens jaarlikse retreats verdiep. Derdens: Ontwikkeling van hulle persoonlikheidsprofiel en -vaardighede; deur toetsing en begeleiding; met programme oor verhoudings, kommunikasie, konflik, voordrag en sosiale-mediagebruik.

Die vierde fokus: Uitgebreide blootstelling en inoefening in kerklike bedieningspraktyk, van die eerste studiejaar in 'n opleidingsgemeente tot uiteindelik 'n volle gemeentejaar; tussendeur vier missionale uitreike (middestad, Lesotho, ander godsdienste in KwaZulu-Natal, en ons susterskerke in Botswana of Zambië). Hierdie vier aspekte is van toepassing op al ons studente op weg na die bekende bevoegdhede van volle leraar, hulpleraar en bedienaar.

**Vyf:** Die NGK VS vat hande met akademiese vennote – die tweede spoor van die veldpaadjie. Sopas het die Vrystaatse Sinode 'n nuwe amptelike ooreenkoms met die UV goedgekeur, omdat ons oortuig is dat studente hier in 'n ekumeniese fakulteit in die universitas van die wetenskappe en die teologiese ensiklopedie geskool kan word. Ons stel ook 'n stipendium van R100 000 per jaar beskikbaar vir die bevordering van gereformeerde teologie in die Fakulteit. Verder het ons 'n verbintenis aan Hugenote Kollege op Wellington, en ontvang ons ook studente van ánder geakkrediteerde instellings af.

**Ses:** Die landskap waardeur ons studente met die teologie reis, is meer kompleks as vroeër, en daarom verg dit dieper akademies-teologiese opleiding (eerder as ligter, minder, makliker); dit vra meer intense kerklike keuring en vorming (eerder as korter roetes); dit vereis duideliker begeleiding en deegliker inoefening van vaardighede (eerder as kits aanlynkursusse òf KI).

**Sewe:** In Bloemfontein is teologiese opleiding maklik bereikbaar, bekostigbaar (met beurse) en is ons persoonlik betrokke by elk van ons 35 studente (2026) – 'n hegte familie. Ons beleef daarom ook groei, wetende dat die Here nie sy Kerk onversorgd en herderloos sal laat nie …

## Universiteit van die Vrystaat: Voltydse dosente:



**Dr Nina Müller van Velden**
**Doserende vakgebied: Nuwe Testament**
**Eie navorsingsfokus:** Johannes-evangelie, Gender en seksualiteit in antieke kontekste, Maria, moeder van Jesus, Narratiewe literatuur, Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu (in die besonder met berekking tot geloofsgemeenskappe).
Gemeente: NG Kerk Hugenoot



**Prof Lodewyk Sutton**
**Doserende vakgebied: Ou Testament**
Eie navorsingsfokus: Psalms, Antieke Naby Oosterse Oorlog, Ou Testament Antropologie en Ruimtelike lees van tekste.
Gemeente: Universitas Gemeente (Geloofsentrum)



**Ds Marlene Oosthuizen**
**Doserende vakgebied: Ou Testament en Spiritualiteit**
Eie navorsingsfokus: Die temas van my doktorale navorsing is spiritualiteit en teologiese opleiding. In Ou Testament is my spesialiteitsgebied wysheidsliteratuur en Hooglied.
Gemeente: NG Kerk Universitas-Wes



**Dr Lyzette Hoffman**
**Doserende vakgebied: Praktiese Teologie**
Eie navorsingsfokus: Geloofsvorming van tieners
Gemeente: Universitasrif Gemeente



**Dr Martin Laubscher**
**Doserende vakgebied: Homiletiek en liturgiek**
Eie navorsingsfokus: Die teologie en resepsie van Karl Barth; (Suid-Afrikaanse) Gereformeerde/Publieke Teologie; Teoloë as predikers (en predikers as publieke teoloë/intellektuele); Liturgie en lewe.
Kortom, allerlei aansluitings tussen (Gereformeerde) aanbidding, prediking, sistematiese teologie, publieke lewe en Christelike getuienis in die Suid-Afrikaanse konteks.
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal



**Prof Juanita Meyer**
**Doserende vakgebied: Praktiese en Missionale Teologie / Pastorale Teologie en Praxis**
Eie navorsingsfokus: Pastorale teologie, en praktyke van sorg en berading, met 'n besondere fokus op kwesbaarheid, trauma, versoening, menslike florering en ekologieë van sorg binne verskeie Suid-Afrikaanse kontekste.
Gemeente: NG Kerk Waterbron



**Prof Henco van der Westhuizen**
**Doserende vakgebied: Sistematiese Teologie (Dogmatiek)**
Eie navoringsfokus: Godsleer (fokus op Pneumatologie), en die kruispunte van Teologie en Filosofie, Hermeneutiek, Letterkunde en die Kunste
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal

Gedrukte *Kerkbode*
*28 Aug, Deel 260 - Nr. 163*

# Hoekom betroubare en toeganklike inligting oor opleiding belangrik is

**Dit bly vir my besonders wanneer mense navraag doen oor teologiese opleiding in die NG Kerk omdat hulle iets van God se pad met hulle lewe begin onderskei, skryf Nioma Venter.**



Jongmense wat 'n innerlike oortuiging ervaar, tweedeloopbaanpersone wat opnuut nadink oor hulle plek in die samelewing, en lidmate wat eerlik vra: "Hoe bekwaam ek myself om my gawes en passies tot opbou van die kerk van die Here aan te wend?" Sulke navrae getuig van geloof, gehoorsaamheid en 'n diep verlange om sinvol in God se diens te leef.

By die kantoor van die Algemene Sinode verwelkom ons hierdie tipe navrae. Ons sien dit as deel van ons diensbaarheid om mense met betroubare, duidelike en toeganklike inligting te help en te verwys. Voornemende studente wil dikwels weet waar hulle meer kan lees oor opleidingsroetes en bedieningsmoontlikhede binne die NG Kerk. Gewoonlik verwys ons mense na die teologiese fakulteite by die Universiteite van Pretoria, die Vrystaat en Stellenbosch, asook na opleidingsopsies by Hugenote Kollege op Wellington.

Tog is die werklikheid dat voornemende studente dikwels hulle weg moet vind deur jaarboeke, programbeskrywings en universiteitsvereistes – en selfs dan is die groter prentjie soms steeds onseker. Teologiese opleiding in die NG Kerk bestaan immers nie slegs uit akademiese studies nie. Kerklike vorming, begeleiding en seminariumopleiding loop parallel met universiteitsopleiding, en die verhouding tussen hierdie verskillende dimensies van opleiding is nie altyd duidelik vir buitestanders nie. Dit lei soms tot onsekerheid oor hoe universiteite en die kerk saamwerk, of wat bedoel word wanneer daar van "ons fakulteite" gepraat word.

Ons ontvang ook gereeld navrae van mense wat reeds ander tersiêre opleiding voltooi het en nou nuwe bedieningsmoontlikhede oorweeg. Die afgelope paar jaar het daar boonop betekenisvolle ontwikkelinge rondom bedieningsvorme en bedieningsgeleenthede in die NG Kerk plaasgevind – onder meer rondom diensleraars en bedienaars se rolle. Sommige van hierdie prosesse is steeds besig om verder ontwikkel en verfyn te word. Juis daarom is dit belangrik dat lidmate en belangstellendes toegang het tot samehangende, verstaanbare en maklik toeganklike inligting.

Hierdie *Kerkbode*-uitgawe verskyn daarom op 'n gepaste tyd. Ons vertrou dat die artikels nie net helderheid sal bring nie, maar ook mense sal help om die landskap van roeping, teologiese opleiding en bediening in die NG Kerk beter te verstaan en moontlik selfs met groter vrymoedigheid hulle eie roeping verder te onderskei.

*Dr Nioma Venter is die algemene sekretaris van die NG Kerk.*

## 'Deurlopende vorming is noodsaaklik': Wat is VBO en hoe werk dit?

Voorgesette Bedieningsontwikkeling – beter bekend as VBO – is 'n gestruktureerde stelsel van voortgesette leer en professionele groei vir predikante en ander bedieningspersoneel in die NG Kerk.

Dit is in wese 'n formele raamwerk wat verseker dat leraars nie net eenmalig opgelei word en dan op eie houtjie koers hou nie, maar deurlopend groei in hulle roeping, kennis en vaardighede.

### Wat is die gedagte agter VBO?

Die teologie en die wêreld staan nie stil nie. Gemeenskappe verander, mense se behoeftes ontwikkel, en nuwe uitdagings – van digitale kommunikasie tot geestesgesondheid, armoede en polarisasie – klop daagliks aan die kerkdeur. VBO erken dat 'n graad in teologie, hoe deeglik ook al, nie 'n predikant vir die res van haar of sy loopbaan kan toerus nie. Deurlopende vorming is noodsaaklik.

### Hoe werk dit prakties?

Daar word van elke gelegitimeerde predikant in die NG Kerk verwag om jaarliks 'n bepaalde aantal VBO-punte te versamel deur erkende aktiwiteite by te woon of te voltooi. Dit sluit in kursusse, werkswinkels, kongresse, gevorderde akademiese studie, leergemeenskappe met kollegas en ander, en selfs gestruktureerde refleksie oor die praktyk van bediening. Verskillende sinodes en opleidingsinstellings bied erkende VBO-programme aan. Die stelsel word deur die betrokke sinodale strukture geadministreer, en predikante hou rekord van hulle deelname.

Dit is nie bloot 'n administratiewe oefening nie – dit is 'n verbintenis tot lewenslange leer as deel van wat dit beteken om 'n toegewyde en geïntegreerde, plaaslike teoloog te wees.

Dit loop saam met 'n predikant se jaarlikse ABR-registrasie en word ook in ag geneem voordat 'n predikant 'n beroep kan ontvang.

VBO is besig om te ontwikkel van 'n losstaande puntestelsel na 'n geïntegreerde ekosisteem van volwasse, holistiese leer.

Die uitdagings is kompleks, maar die verbeelding en samewerking tussen sinodes, sentra en die akademie maak groei moontlik.

Ons beweeg doelbewus na 'n kultuur van leer – nie net as 'n vereiste nie, maar as 'n roeping wat die identiteit van ons bediening verdiep.

### 'n Belegging in die gemeente

Wanneer 'n predikant groei, groei die gemeente saam. VBO is dus nie net 'n verpligting nie – dit is 'n gawe aan die mense wat elke dag bedien word.

# MEDIATEEK

# KOM, LEES

**Resensent: Dr Leon M Foot** | 17 September 2026

***Waarom lewe ek?***

*Hulde aan die Hoop*

**Viktor Frankl**

**Nuut bygewerkte teks deur Daniël J. Louw**

*(Uitgewer: Naledi Uitgewers, Maart 2007)*

Lyding is onlosmaaklik verweef met wat elke dag met ons gebeur. Jy kan dit nie systap nie. Dit kan 'n skielike verlies wees, 'n ongeluk; die trauma van geweld of gesondheidsprobleme. Soms is lyding kronies. Jy ontsnap bykans nooit daaraan nie. Dit kan selfs pandemies wees soos in die geval van MIV/Vigs.

Dit is egter juis dan, by hierdie grens-oomblikke van die lewe, dat ons begin vra: Hoekom ek? Gelowiges vra: Waarom God? Waar is God in hierdie ellende? Lyding stroop ons van alle oppervlakkige en kunsmatige sekerhede. Sonder sin in die lewe word ons maklik 'n prooi van sinisme, vertwyfeling of wanhoop.

Nelson Mandela tuur vir 27 jaar deur die vensters. Wat het hom geïnspireer om voort te gaan? Viktor Frankl kon ontsnap van die haglike kamptoestande. Wat laat hom op daardie laaste oomblik omdraai na sy sterwende vriend toe? Hy is bereid om selfs sy vryheid te verruil vir die luise van die kamp.

Op hierdie vrae bied die boek die leser nie 'n finale antwoord nie. Wat dit wel doen is dit: dit verklap die geheim hoe om die lewe te leef selfs al is daar geen oplossing of antwoord vir jou probleme nie. Die boek se lees werk soos die bestudering van 'n padkaart en stel opnuut aan jou die vraag: watter roete volg jy? Waarheen is jy op pad met jou lewe? Waarom lewe jy?




*Oorgeneem uit cdn.loot.co.za*

**Daniël Louw**
Behaal D.Phil. (filosofie) na studie in Tubingen, Duitsland (1972) en D.Th. Stellenbosch (1983). Voorheen predikant in Wynberg en Stellenberg. Sedert 1978 dosent in pastorale sorg en praktiese teologie aan die Fakulteit Teologie, Stellenbosch. Professor (1995) en dekaan (2001). Skrywer van boeke oor die huwelik, gesin, berading en hospitaalpastoraat/siekepastoraat.

*Deur dr Leon M Foot*
PSD: Bedieningsbegeleiding
Mediateek

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

GRAAD 8–12 KAMP


26 SEPTEMBER
TOT 1 OKTOBER 2026

MOOIGENOEG
KAMPTERREIN BUITE
BLOEMFONTEIN

# »» MOOIGENOEG »»

# TIENERKAMP

## 26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026













Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstilletyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.

Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe.

Sluit die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

**KOSTE:**

# R999

Ouers is verantwoordelik vir vervoer indien u gemeente nie vervoer voorsien.

**INSKRYWINGSVORM**

**KONTAK ONS VIR MEER INFO:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Cecilna Grobler 084 583 2925 | Tano Bongers 072 176 5092 | Morné Bruwer 082 857 7779 | Braam Smith 060 556 9765 |

# Die Verlore Skapie

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA

## Die Skepping

"Dit is douvoordag in die oggendlug, die son kom op oor die rantjie tussen die klanke van die voëltjies se gesang wat die nuwe dag verwelkom. Dis vars en so vroeg; jy kan selfs nog die krieke hoor wat klaar kriek. Die doudruppels hang nog aan die veldgrasse. Welkom terug in Blêrfontein, maats! En kyk wie kom hier aangestap.

Dit is Leon die lammertjie met sy rugsak op sy rug en hy is nie alleen nie. Hy stap saam met Armach Breytenblaf wat ook 'n stapsak dra, en net agter hulle stap Mollie en Tjoppie. Hulle is op 'n uitstappie. "Hou so aan, jong lamme!" roep Armach Breytenblaf. "Amper daar!"

Dominee Armach Breytenblaf is 'n aktiewe Border Collie en hy het die drie "blêrs" uitgevat op 'n oggendstap vir 'n spesiale les. Hulle stap verby die velde waar Tannie Êna se mooi rooi blomme so natuurlik groei, dan daal hulle af deur die laagtes waar die son gewoonlik sak en deur die ruigtes tot by die rivier. Dit is so 30 minute se stap van die Kerk af.

Toe hulle daar aankom, haal almal hulle stapsakke af. Leon kyk om hom rond. Dit is iets besonders. Hulle staan op die rivierbank – Leon luister hoe die water kabbel. Dan kyk hy verby die rivier en sien die mooiste veldlelies aan die ander kant; hy sien hoë wilgerbome en grasbanke wat in die vertes ingaan en daar doer sien hy Arendsberg. "Sjo ..." sug Leon terwyl hy die pragtige uitsig inneem en toe voel hy 'n poot op sy skouer. "Dis mooi nê, my Blêr!" Dis Tjoppie. "Besonder mooi!" antwoord Leon. Dit is sy eerste keer by hierdie mooi plek.

Armach Breytenblaf pak hout vir 'n klein vuurtjie terwyl Mollie die kampketel en blikbekers regkry vir 'n lekker warm drankie. Daarna roep Armach die drie nader. "Kom, lammers! Terwyl ons wag vir die ketel, kan ons so bietjie gesels." Hy haal sy Bybel uit en hulle almal sit rondom die vuurtjie op houtstompe.

"In die begin ..." sê Armach met erns in sy stem, "... was alles woes en leeg. Dit was pikdonker en deurmekaar – sommer net groot chaos." Hy kyk vir die lamme. "Maar toe begin God werk." Leon spits sy oortjies en sy koppie draai sommer dadelik skuins. Hy besef dadelik dat dit die Herder se werk is.

"God het gesê: Laat daar lig wees! ... en dadelik was daar lig!" lees Armach verder. Hy wys met sy poot na die son wat nou helder oor die randjie skyn. "Dit was dag een."

Hy lees vir hulle hoe God die lug en see geskep het op die tweede dag. Op die derde dag het Hy die land gemaak. Armach buk af en vryf oor die sagte gras tussen sy pote. "En die plante ook, net soos hierdie grasbanke en daardie lelies."

Op dag vier het die son, maan en sterre gekom. Op dag vyf die voëls wat hulle vroeër hoor sing het, en die visse in die kabbelende rivier. Dag ses was die soogdiere en mense, en op die sewende dag het God gerus.

"Sjoe, Dominee," vra Tjoppie verwonderd terwyl hy na sy eie krulletjies kyk, "het die Herder al hierdie fyn dinge self beplan?"

"Presies, Tjoppie," sê Armach en hy kyk elkeen in die oë. "Hier is die ding ... lamme! Net soos wat God hierdie skepping fyn beplan het en die chaos in hierdie pragtige orde verander het, net so het Hy jou ook beplan ... presies soos wat jy is!"



**Luister hier**:

***Blêr*** | *Ek behoort aan Jesus*

Die Verlore Skapie

**Lees** meer »

NG Kerk
Vrystaat

# MOOIGENOEG

## KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

*Bloemfontein*







Ctrl + Click on the link to find us on the map:
https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8

## FACILITIES

- 154 bunk beds in total
- The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- There are two separate equipped kitchens.

**7 Self-Catering Chalets** – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

**The entire premises can accommodate up to 182 guests.**

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.

## PRICES for 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Accommodation without bedding** | **R135.00** | per night per person |
| **Day visitors (08:00-17:00)** | **R110.00** | per person per day |
| **Accommodation: Chalets** | | |
| 1 person | **R 330.00** | per unit per night |
| 2 persons | **R 600.00** | per unit per night |
| 3 persons | **R 880.00** | per unit per night |
| 4 persons | **R 1100.00** | per unit per night |
| **Kitchen** | **R 700.00** | per day |
| **Kitchen** | **R 1000.00** | per day (near hall for functions) |
| **Big hall** | **R 1200.00** | per day (when group sleeps over) |
| | **R 5500.00** | per day (functions) |
| **Olienhout + Kitchen** | **R 3300.00** | per day (functions) |
| **Caravan** | **R 160.00** | p/day per stand |











## INQUIRIES AND RESERVATIONS:

(051) 406 6700
EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za

# VEELS GELUK



ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## SEPT

21 – Ds George Deysel, WINBURG
21 – Ds Hennie Hattingh, KOPPIES
24 – Dr Christo Fourie, PETRUSBURG
26 – Mev Girly Seyoko, SINODALE KANTOOR
27 – Ds Christo Weideman, KROONHEUWEL-NOORD
16 – Ds Lé-Roy Wentink, RIEBEECKSTAD-ERFDEEL

## OKT

02 – Ds John Jackson, FRANKFORT
03 – Ds Jannie Smith, DE BLOEM
08 – Prof Laetus Lategan, BLOEMHEUWEL
09 – Ds Frans Steenkamp, WARDEN

*- Lekker verjaar -*



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Bio-diversiteit en bewaring

## *'n Roeping tot herstel en hoop*

### Kyk mooi om jou rond

Daar is oomblikke wanneer die natuur met ons praat – nie in woorde nie, maar in tekens. Die stil verdwyning van voëls wat eens volop was, die bruin kolle waar veld groen moes wees, die riviere wat elke jaar 'n bietjie vlakker loop. Hierdie fluisteringe is nie bedoel om ons bang te maak nie, maar om ons wakker te maak. Bio-diversiteit is die asem van die aarde; wanneer dit begin kwyn, voel ons dit in elke aspek van ons lewens – van die kos op ons tafel tot die stabiliteit van ons gemeenskappe. Bewaring is nie 'n wetenskaplike projek nie; dit is 'n geestelike uitnodiging om weer te sien, te luister en te sorg.

### Hoe bio-diversiteit die wêreld dra

Die begrip bio-diversiteit het in die 1980's sterk na vore gekom toe wetenskaplikes besef het dat die verlies aan spesies en eko-sisteme vinniger plaasvind as ooit tevore. Maar die motivering daarvoor lê veel dieper: bio-diversiteit is die web van lewe wat God self geweef het. Elke plant, dier, insek en mikro-organisme vorm deel van 'n ingewikkelde, wonderlike netwerk wat die aarde gesond hou.

**Lees** meer »



# Vibrant Audio

MI & AV SPECIALISTS

# FRIKKIE MARAIS

INDEPENDANT **SALES REPRESENTATIVE**

**YOUR TRUSTED PARTNER IN MUSIC.**

**30+**
YEARS
MI SALES
EXPERIENCE

**30+**
YEARS
LIVE MUSIC
(BAND PLAYING)
EXPERIENCE

**KEYS SPECIALIST**
Extensive knowledge of all the top brands – Roland, Yamaha, Casio, Tecnix, and any keyboard, digital piano, synth, organ or key related instrument.

**AN ICON**
WITHIN THE
LOCAL MUSIC
SCENE

**EXPERTISE. EXPERIENCE. PASSION.**
**LET'S MAKE GREAT MUSIC TOGETHER.**

GET IN TOUCH

**082 630 1048**
CALL / WHATSAPP


frikkie@vibrantaudio.co.za
EMAIL

www.vibrantaudio.co.za
WEBSITE

**PROUDLY REPRESENTING**
**VIBRANT AUDIO**
MI & AV SPECIALISTS

EXPERT ADVICE. PREMIUM BRANDS. EXCEPTIONAL SERVICE.

# AKTUEEL EN ALGEMEEN







## Erfenismaand 2026
## *'n Persoonlike reis deur September*

Hierdie Erfenismaand nooi ons jou uit om stil te staan by waar jy vandaan kom, raak te sien wat jy vandag ontvang het en te ontdek wat jy môre wil agterlaat. Hierdie huisgeloofreeks vir Erfenismaand nooi gesinne om saam te ontdek hoe geloof, herinneringe en erfenis ons identiteit vorm. Laai die **Erfenismaand-gids 2026** deur die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika hieronder af.


Laai af

## Kom ons bid vir Suid-Afrika
## *50 dae van gesamentlike voorbidding*

### Verkiesing – 4 November 2026

Wat as gelowiges in dorpe en stede regoor Suid-Afrika in dieselfde tyd, met een hart, begin bid – vir ons land, ons gemeenskappe en die mense wat ons dien? Die NG Kerk is genooi om deel te wees van 'n interkerklike gebedsaksie. City Connect: 50 Gebedsdae nooi elke gelowige om saam op 'n 50-dae-gebedsreis te gaan ter voorbereiding op die 2026-plaaslike verkiesings. Die gebedsreis strek van 14 September tot 3 November 2026. Laai die **City Connect 50 Gebedsdae-gids** hieronder af.

Laai af




15%
AFSLAG OP BOEKE
SPESIALE
AANLYNWINKEL
PROMOSIE
OP ALLE BOEKE
- KOOP NOU -
shop.clf.co.za
Geldig tot 30 September 2026
Slegs Aanlynwinkel aankope


NEW
OPEN RESOURCE
https://clf.co.za/open-resource/word-worship-year-b-2026-2027-2/
CLF PUBLISHERS UITGEWERS


LEWENDE GELOOF
met Ferreira Marais
NUWE DROME
met Neil Büchner
JESUS U IS HIER
met Neil Büchner
AS EK EERLIK IS
met Deon Meiring
akkoord
deur BYBEL-MEDIA



Engo
JACO JACOBS
Jy is 'n Wens
R75
per boekie.
www.engo.co.za


Engo
OMGIEDAG
AVONTURE
Elke avontuur bring hoop.
VRYDAG, 30 OKTOBER 2026
'n spesiale sivviedag ten bate van Engo.
Tema: Avontuur
(Trek aan vir JOU gunsteling avontuur!)
R10 vir kinders • R20 vir volwassenes
R1 500 vir 'n besigheid om te ondersteun
KOOP JOU PLAKKERS NOU!
t: 060 548 5543
e: info@engo.co.za
OFM
Courant


CRUISE
for a cause
MINIMUM
R50
DONATION
WIN AN ALL-INCLUSIVE
MSC CRUISE
TO THE PORTUGUESE ISLANDS
11 – 14 DECEMBER 2026
MSC CRUISES
Engo
EVOLVE


Heritage in every language • Bible Society of South Africa
Heritage
Bible sale
Enjoy 35% off
sitewide during September


YOUR REGIONAL BIBLE SOCIETY
SALES REPRESENTATIVE
Stella Moletsane
CENTRAL REGION
stella@biblesociety.co.za
084 876 5789


ouditorium te huur
BYBELHUIS
BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

# 20 VBO CPD punte
# 20 AFM PCD CPD punte
# 20 ACRP CPSC CPD punte

## Die praktyk van Narratiewe Pastorale Terapie:

'n Interaktiewe "model" wat pastorale berading prakties en standhoudend maak.

godcenteredcounsellingtraining.co.za



Handa Blake
OPLEIDING EN OUTEUR

• Praktiese beradingsvaardighede
• Pastorale sorg • Selfsorg
Interpersoonlike-en verhoudingsvaardighede
Vir predikante, pastore, teologie-, sielkunde-en maatskaplike werk studente, jeugwerkers, en groepfassiliteerders

## R2420 per persoon sluit in

4 dae (36 uur) interaktiewe kleingroep opleiding
**GADC Werkboek** (volkleur - 399 bladsye),
**GADC Handboek** (volkleur - 366 bladsye),

**Dag 1: 6 Oktober**
**Dag 2: 7 Oktober**
**Dag 3: 15 Oktober**
**Dag 4: 16 Oktober**

**Opleiding in:** Westdene, Johannesburg
(of elders soos vooraf ooreengekom)
Reël alternatiewe kursusse en lokale
vir groepe van 6 of meer.
**Opleiding en outeur:** Handa Blake
**Meer inligting:** hbgadc@gmail.com,

GADC

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**20-25 Sept**

Stillepolis

Stillepolis Lente-retraite 2026 te Philippolis




**5 Oktober**

VBO-punte

Belhar 40 - Stem in die woestyn? Aangebied deur NG Kerk Wes-Kaap




**20 Oktober**

2 VBO-punte

Begrip vir Generatiewe-Bediening met dr Hannes Janse van Rensburg



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *"Oscar Romero"* met dr Lisel Joubert




**16-19 November**

70 VBO-punte

Brugbediening (Week 2), Stellastraat, Pretoria met prof Malan Nel




**17 November**

5 VBO-punte

Vyf maniere om te sê: "Ek is jammer" met prof Wentzel Coetzer

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Geweld teen vroue: Waar sal ons hulp vandaan kom?

*(Opiniestuk)*

*17 September 2026*
*Kerkbode*
*Nadia Marais*

»



Omgewing

Fay van Eeden: My yskas se trurat, en die impak daarvan

*16 September 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*
*Fay van Eeden*

»



'Eerlike lied oor broosheid' op trefferlys saam met een oor nuwe drome

*15 September 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Gesels saam*

»




Tussenin

Zander van der Westhuizen: 'n Terugblik op die SAAMkoms ... van agter die klavier

*14 September 2026*
*Kerkbode, Tussenin*
*Zander van der Westhuizen*

»



Elders gesien

Skrywer deel lesse uit kankerreis by vroue-oggend

*14 September 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

»



Johann Symington: Nederige dienskneg van die Here sterf

*11 September 2026*
*Kerkbode*
*In Memoriam*
*Gerdrie van der Merwe*


»

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

Bybel-Media




## Vyfde Evangelie




**R340**

*Rigtingwysers vir aanbiddingsvernuwing. Wat in hierdie boek geskryf staan, sal die kerk help om te beweeg van kerkmusiek na Godsontmoeting. Vyfde Evangelie* kom uit die pen van iemand wat himnologie op 'n praktiese en teoretiese vlak ken. Riaan Steyn is akademies goed opgelei in teologie én musiek. Verder is hy predikant (met opdrag musiek) met jare se bedieningservaring én 'n indrukwekkende musikant. In hierdie boek bring Riaan die teorie en praktyk van die teologie en musikologie op 'n betekenisvolle manier saam. Hy neem ons op 'n musiekreis, deur die Ou Testament en die Nuwe Testament, en deur 2 000 jaar se liturgiegeskiedenis om uit te kom by die plek waar ons ons tans bevind.


## Uit die Beek 2027




**R250**

*Uit die Beek* bied al generasies lank geestelike leiding en inspirasie vir gelowiges. Hierdie jaar is ons tweede jaar in die reis van vier jaar wat ons deur die Bybel lees. In hierdie uitgawe lees ons uit Eksodus, die Psalms, Spreuke, Rigters, Job, Amos en Jeremia. In die Nuwe Testament lees ons uit Matteus, Hebreërs, Efesiërs, Jakobus, 2 Korintiërs en Filemon. Soos gewoonlik word die belangrikste seisoene van die kerkjaar in ag geneem met 'n spesiale boodskap vir Lydenstyd, Paasfees, Pinkster, Koninkrykstyd, Advent en Kersfees. Mag jy, liewe leser, vanjaar opnuut hoor dat jy aan Jesus Christus behoort, dat die Here by jou is, dat sy genade vir jou genoeg is en dat Hy jou dra.

## Nuutgemaak (Studiegids)




**R160**

*Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld. Nuutgemaak Studiegids* neem jou na 'n dieper ontmoeting met Jesus, laat jou God se teenwoordigheid in jou verhaal raaksien en met nuwe oë na die wêreld kyk. Met dié studiegids volg jy sewe sleutelbewegings in Jesus se lewe uit die Evangelie volgens Lukas: **1. Jesus kom** ... en ons ontvang liefde; **2. Jesus roep** ... en ons vind betekenis; **3. Jesus genees** ... en ons word heel; **4. Jesus leer** ... en ons staan verwonderd; **5. Jesus ly** ... en ons ontvang verlossing; **6. Jesus leef** ... en ons hoop ontwaak en **7. Jesus heers** ... en alles word nuut.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Prop MJ van Reenen** (diensleraar) vanaf Bethlehem is beroep na NG Gemeente Marquard as tentmaker. Die kerkraad van NG Kerk Rustenburg-Suid gee kennis dat **ds Ronel Coertzen** op 2 September 2026 beroep is. Haar vorige gemeente was NG Gemeente Fouriesburg. **Ds Dylan Allen** van NG Gemeente Bothaville is op 13 Augustus 2026 na NG Gemeente Lydenburg-Suid beroep. **BEVESTIGING** | **Ds Gerhard Meyer** van NG Gemeente Langenhovenpark het die beroep na NG Gemeente Margate aanvaar. Hy word op 11 Oktober 2026 by NG Gemeente Margate bevestig. **Dr Leon Venter** van NG Gemeente Graafwater het die beroep na NG Gemeente Boshof aanvaar. Sy indiensnemingsdatum is op 1 Oktober 2026. **EMERITEER** | **Dr Christo Fourie** van NG Gemeente Petrusburg emeriteer op 30 September 2026.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



***Foto:*** *Celicia McLean (verskaf)*

ALGEMEEN
Redakteur van *Vrypos*
*Celicia McLean*

# Wat laat ons agter?

Erfenismaand laat 'n mens maklik terugkyk. Na waar jy vandaan kom. Na die mense wat voor jou hier was. Maar dalk moet ons vanjaar ook 'n ander vraag vra: Wat gaan ná óns oorbly?

September is Erfenismaand.

En skielik is daar weer foto's van kos, klere, taal, tradisies en alles wat vertel waar ons vandaan kom. Dis goed so. 'n Mens behoort te weet waar jou wortels lê, maar ek wonder soms wat ons as kerk bedoel wanneer ons oor *erfenis* praat.

Is dit die kerkgebou op die dorp? Die orrel? Die ou kansel? Die doopregister waarin jou oupa en oumagrootjie se name nog staan?

Dit is alles deel van ons storie. Maar sekerlik nie die belangrikste deel daarvan nie. Ons grootste erfenis kan nie in 'n argief gebêre word nie. Dit leef in mense.

Dit leef in die ouma wat jou geleer bid het. In die dominee wat jou naam onthou het toe jy nog 'n kind was. In iemand wat kos by 'n deur gaan aflaai het sonder om te vra of die persoon dit "verdien". In 'n gemeente wat opgedaag het toe 'n familie se wêreld uitmekaar geval het.

Dalk is geloof juis só van een geslag na 'n volgende aangegee. Nie altyd deur groot woorde nie. Dikwels net deur mense wat probeer het om Jesus te volg.

Ons verlede was nie perfek nie

Dit moet ons ook kan sê. Om ons erfenis te waardeer, beteken nie dat ons alles wat voor ons tyd gebeur het, hoef goed te praat nie. Ook die kerk se geskiedenis het mooi én moeilike hoofstukke. Daar was tye van groot geloof en opoffering, maar ook tye waarin ons verkeerd gekies het, mense uitgesluit het en nie mooi genoeg geluister het nie.

Ons hoef dit nie weg te steek nie.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE
## INLIGTING
## BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**


Saai die saad
en help iemand groei deur hulle ’n Bybel in hul eie taal te gee. Koop direk by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en kry
30% korting
’n Bybel vir elkeen
Vir navrae kontak sales@biblesociety.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*